# Dialoog

Lees die dialoog hieronder tussen Danie en Marie.

Danie: Marie, het jy lekker vakansie gehou?

Nikki: Ja dankie. Dit was baie lekker, maar ek het baie seer gekry.

Danie: Ag nee Marie! Wat het gebeur?

Marie: Klomp bloublasies het my gebrand toe ek in die see geswem het. Kyk al die blase op my arms.


Danie: Sjoe! Dit lyk baie seer. ‘n Jellievis het my eenkeer gebrand op my been. Ek het nou nog littekens.

Marie: Eina Danie. Dit is baie lekker by die see, maar die see is ook baie gevaarlik.


Danie: Ek stem saam jou Marie. Ek hoop ons word nooit weer gebrand nie!

- **Gebruik nou die formaat van die dialoog hierbo en skryf jou eie dialoog waar jy jou maat vertel oor jou besoek aan die SEE.**
- **Onthou om op die onderwerp te fokus.**
- **Maak seker van die spelling van jou woorde.**
- **Maak seker jy gebruik die regte leestekens.**

| Dialoog Rubriek | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | |
| Is glad nie instaat om op die onderwerp te fokus nie. | Is slegs gedeeltelik instaat om op die onderwero te fokus, | Kan op die onderwerp fokus. | Fokus deurgangs op die onderwerp. | |
| Gebruik glad nie leestekens nie. | Maak nog nie deurgangs gebruik van leestekens nie. | Kan leestekens gebruik. Min foute. | Maak uitstekende gebruik van leestekens. | |
| Spel baie swak. | Maak nog te veel spelfoute. | Slegs enkele spelfoute. | Geen spelfoute. | |
| Sinskonstruksie is baie swak. | Maak nog baie foute met sinskonstruksie. | Sinskonstruksie goed, maar maak nog hier en daar 'n fout. | Sinskonstruksie uitstekend. | |
| Maak nie gebruik van die dialoog formaat nie. | Leerder maak soms gebruik van die formaat. | Leerder hou by die formaat, maar maak foute. | Leerder hou deurgans by die formaat. | |
| | | | **Totaal** | **/20** |



# - Skryf 'n brief -
## (Vriendskaplike brief)



**Opdrag:**

Skryf 'n brief aan jou maat om haar of hom te vertel van jou planne vir die lekker lang Desembervakansie wat voorlê.

**Instruksies vir brief:**

1. Onthou die vorm van jou brief.
2 Ontwikkel 'n kopkaart om jou te help met jou sinne.
3. Gebruik goeie uitgebreide sinne met bywoorde en byvoeglike naamworde.
4. Maak seker van jou spelling.
5. Kyk of jou woordorde reg is.
6. Probeer om nuwe woordeskat te gebruik wat jy geleer het.

**Gebruik die stappe van die skryfproses:**

- Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik.
- Skryf die eerste weergawe.
- Hersien en proeflees.
- Skryf die finale weergawe.

Jy moet jou kopkaart en eerste weergawe inhandig saam met jou finale weergawe. Jy sal volgens 'n rubriek gemerk word.

# EERSTE WEERGAWE

## SKRYF 'N BRIEF AAN JOU MAAT

# FINALE WEERGAWE

## SKRYF 'N BRIEF AAN JOU MAAT

| | 1 | 2 | 3 | 4 | Punt behaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inhoud** | Kan nie die inligting wat bekom was gebruik om die brief te bewoord nie | Te min inligting om Effektief te wees | Goed, kan uitbrei op die inligting | Verbeeldingrik en bly by die onderwerp | |
| **Styl** | Net basiese sinne | Soek nog na woorde om eie styl te vestig | Effektief, maar maak nog ‘n paar foute | Sinne word ‘n ervaring wat raak beskryf | |
| **Taalgebruik** | Grammatika en spelling bemoeilik lees en begrip | Ontoepaslike ondoeltreffende taalgebruik | Grammatika en spelling ondersteun die boodskap. Nog foute | Goed uitgebreide sinne m.b.v Byvoeglike en bywoordelike bepalings Min spelfoute | |
| **Woorde skat** | Formulering en woordeskat swak | Gemiddelde alledaagse woordeskat | Interessante woordeskat en goeie formulering | Korrekte en kreatiewe woordeskat | |
| **Formaat** | Het geen idée van ‘n formaat nie. Werk is vormloos | Formaat nie doeltreffend aangebied nie. Onseker waar om ruimtes oop te laat | Probeer om werk in die regte formaat te skryf . Min foute. | Bied netjies. Skryf in die regte formaat, met ruimte tussen paragrawe,aanhef’ en slot | |
| | | | | | **Totaal: __/20** |

# MEMORANDUM

## Formaat van brief

Wilgerstraat 3

Vanderbijlpark

1911

Datum

============================================

Liewe Anel (Aanhef)

============================================

X X X

(Reël oop tussen aanhef en eerste paragraaf)

(Paragrawe – Spasies tussen paragrawe)

============================================

(Slot – reël oop tussen slot en jou naam)

X X X

============================================

Liesl

# Advertensie

*Jou ma het haar eie besigheid oopgemaak. Sy het 'n bakkery begin. Jou ma soek graag 'n advertensie om haar nuwe bakkery te adverteer en sy wil hê jy moet haar help.*

**Opdrag:**


Ontwerp 'n kreatiewe en oorspronklike advertensie vir jou ma wat mense se aandag sal trek.

**Onthou om al die relevante inligting in te sluit, soos:**


- Waar jou ma se bakkery is.
- Van die produkte wat sy verkoop.
- Tye wat die bakkery oop is.



Onthou, mense lees advertensies om inligting te kry. Jou plakkaat moet dus netjies, kleurvol en leesbaar wees.



| | **Rubriek - Advertensie** | **Punt** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |
| 1. | Doel: Taak slaag in sy doel. Inligting is volgens die teikengroep. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 2. | Organisasie van inhoud: Inligting is goed uiteengesit en voldoende. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 3. | Visuele en ontwerpelemente: Advertensie maak 'n impak en pas visueel by die opdrag. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| 4. | Taal, woordeskat en spelling: Noukeurige taalgebruik, goeie woordeskat en korrekte spelling. | 5 | 4 | 3 | *2* | *1* |
| | **Totaal** | | | | | **/20** |



# Skryf 'n storie



**Opdrag:**

Skryf 'n kort storie van 50–60 woorde waarin jy jou ouers vertel wat jy vandag alles geleer het van die **ruimte** by die skool.

**Hou die volgende punte ingedagte wanneer jy jou storie skryf:**

- Gebruik intrige
- Organiseer logies
- Brei sinne met byvoeglike naamwoorde en bywoorde uit
- Gebruik uitgebreide woordeskat
- Gebruik korrekte formaat
- Gebruik figuurlike taal soos vergelykings
- Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie
- Gebruik toepaslike formaat, struktuur en taal
- Beplan, skryf 'n eerste weergawe en verfyn skryfwerk



Skryf jou finale weergawe van jou storie op die volgende bladsy. Jy sal volgens 'n rubriek gemerk word. Handig ook jou beplanning in.

| | **Rubriek - Storie** | **Punt** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** | |
| 1. | Inhoud: Die inhoud is interessant en persoonlik van aard. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | |
| 2. | Toon, register en styl: Dit is duidelik dat dit ‘n persoonlike weergawe van die leerder is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | |
| 3. | Formaat: Gebruik die korrekte formaat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | |
| 4. | Taal en spelling: Taal, spelling en leestekens is korrek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | |
| | **Totaal** | | | | | **/20** | |